**SENWES | AGRIBEL**

Algemene Jaarvergadering (AJV)

# Virtuele Gids

**Stap 1**
Meld aan by OneAgri

**Stap 2**
Stem op die AJV Stemportaal


**Stap 3**
Gebruik van Teams




# Stap 1:
## Meld aan by OneAgri

A. Besoek www.senwes.com

B. Vind die AJV-banier op die tuisblad en klik op die Stemportaal-knoppie. Hierdie knoppie sal jou na die OneAgri-aanmeld-skerm lei.




C. Meld aan met jou OneAgri besonderhede om toegang tot die AJV-stemplatform te kry.
   - As jy reeds met OneAgri aangeteken is, sal die skakel jou na jou profielbladsy neem. Gaan na die Toepassings-blad om die My Shares-toepassing op te spoor.

D. Indien jy jou wagwoord vergeet het, kan jy dit herstel deur op die **Wagwoord Vergeet** skakel te klik.


E. Ons sal 'n Eenmalige Pin (OTP) na jou geregistreerde selfoon-nommer stuur. Herstel jou wagwoord en meld aan met jou opgedateerde besonderhede.


**Let wel:** Vir jou gerief het ons alle aandeelhouers wat nog nie op OneAgri geregistreer was nie, outomaties geregistreer. Indien jy vantevore nog nie via OneAgri aangeteken het nie, moet jy asseblief die ***WAGWOORD VERGEET*** opsie uitoefen om 'n nuwe wagwoord op te stel.

# Stap 2:
## Stem op die AJV Stemportaal

A. Sodra jy aangemeld is, soek en klik op die My Shares-toepassing.

B. Kies hierna die **Vergaderings** knoppie wat links aan die bokant van die bladsy geleë is.




C. Die AJV inligting sal vertoon word. Kies die **Besigtig/Stem** knoppie.


- Indien die AJV-inligting nie soos per die skermgreep vertoon nie, kontak asseblief vir Claudi Smit vir bystand: claudi.smit@senwes.co.za | 018 464 7121


**Let wel:**
As jy Senwes Beperk en Agribel Holdings aandele het, sal jy vir elke maatskappy afsonderlik kan stem. Wanneer jou aandele in verskillende entiteite is, moet jy ook per entiteit (afsonderlik) stem.

# Stap 2: (Vervolg)

## Stem op die AJV Stemportaal

D. Kies die manier waarop jy wil stem.




E. Stem vir die resolusies.

**Let wel:** Indien jy meer inligting oor 'n spesifieke resolusie benodig, kan jy op die **lees meer** in hakkies langs die resolusie klik.

# Stap 3:
## Sluit aan by die AJV via Microsoft Teams op 28 Augustus 2026

A. Die skakel na die Microsoft Teams-vergadering sal per e-pos aan aandeelhouers gestuur word.


B. Klik op die Teams-skakel in die e-pos.


C. Dit sal jou webblaaier oopmaak en jou na die Microsoft Teams-bladsy lei. **Jy sal twee opsies kry:**
- "Continue on this browser"
- "Join on the Teams app"

D. Vir maklike toegang, kies die "Continue on this browser" opsie.

A

C




E. Tik jou naam in die spasie wat voorsien word. Die naam sal in die Teams-vergadering vertoon. Nadat jy jou naam ingelees het, kies "Join Now".

F. Jy kan ook met jou Teams-profiel (as jy een het) op jou blaaier aanmeld of alternatiewelik by die Teams-vergadering deur middel van die Teams-toepassing aansluit.



# Microsoft Teams Etiket




A. Demp en Ontdemp:
- **Demper:** Tydens die vergadering, klik op die mikrofoon ikoon op die nutsbalk om jou mikrofoon te demp. 'n Streep deur die ikoon soos hierbo getoon, dui aan dat jou mikrofoon gedemp is.
- **Ontdemper:** Klik weer op die mikrofoon ikoon om te ontdemp.

B. Skakel Kamera Aan/Af:
- **Kamera Afskakel:** Klik op die kamera-ikoon op die nutsbalk om jou kamera af te skakel. 'n Streep deur die ikoon soos hierbo getoon, dui aan dat jou kamera afgeskakel is.
- **Kamera Aanskakel:** Klik weer op die kamera-ikoon om dit aan te skakel.

C. Verlaat 'n Vergadering:
- Klik op die rooi telefoon ikoon aan die bokant van die skerm om die vergadering te verlaat.

# Wenke vir 'n Gladde Vergadering

- Maak seker jy het 'n stabiele internetverbinding om ontwrigtings te voorkom.
- Vind 'n stil plek om agtergrondgeraas te verminder.
- Toets jou mikrofoon en kamera voor die vergadering om seker te maak dit werk reg.
- Indien moontlik, gebruik oorfone met 'n ingeboude mikrofoon vir beter klankgehalte.

Deur hierdie stappe te volg, behoort jy maklik by die vergadering aan te sluit en die basiese funksies te kan gebruik.

# Dankie

Vir enige additionele inligting of hulp, kontak:

**Claudi Smit:**
claudi.smit@senwes.co.za | 018 464 7121

